higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG

NKR VLAK 4

(5050094)

18 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Geen punte sal toegeken word vir antwoorde wat net uit een word bestaan nie, tensy die vraag dit spesifiek vereis.

6. Gebruik 'n SWART of BLOU pen.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies die regte woord uit dié wat tussen hakies gegee is. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die Departement van Onderwys verskaf (beleidsdokumente/vakdokumente) wat onderwysers in hul onderrigprogramme moet toepas.

1.2 In Suid-Afrika word ons almal deur die Suid-Afrikaanse (Bestel/Grondwet) gelei en beskerm.

1.3 Leerders het verskillende vlakke van (taalvaardigheid/taalstelsels) in die medium van onderrig wat in die klaskamer gebruik word.

1.4 Mense is dikwels (goeie/slegte) bronne van inligting.

1.5 Onderwysers moet die jaar se werk beplan en 'n (leerprogram/werkskedule) daarvoor opstel.

1.6 (LTSM/NCV) kan leerders help om lewensituasies te ervaar waaraan hulle andersins nie blootgestel sou word nie.

1.7 Die (fisiese/emosionele) omgewing sluit sowel die rangskikking van die klaskamer as die werklike ervaring van die klaskamer deur die leerders in.

1.8 (Toeganklikheid/Sigbaarheid) sal elke leerder help om te sien wat hulle in die klaskamer moet sien.

1.9 Om (dissipline/deelname) te bestuur, moet 'n onderwyser reëls opstel en seker maak dat dit ooreenstem met die skool se algemene reëls.

1.10 Hulpbronne is 'n (noodsaaklike/gerieflike) aspek van onderrig.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Om 'n onderwyser te wees, het jy slegs kennis van jou vak nodig.

2.2 *Basiese vaardighede* sluit nie begrip van leerteorieë en leerhindernisse in nie.

2.3 'n Positiewe onderwyser-leerder-verhouding bestaan as die onderwyser en leerder werklik vir mekaar omgee.

2.4 *Linguisties* verwys na die vermoë om woorde en taal doeltreffend te gebruik..

2.5 *Straf* verwys na die bedoeling om iemand te tugtig.

2.6 'n Ywerige leerder werk hard en is nougeset en deeglik.

2.7 Om in 'n dagboek te skryf, is verbale kommunikasie.

2.8 ADHD is nie 'n leerhindernis nie.

2.9 Disleksie is 'n leerversteuring wat gekenmerk word deur gedragsprobleme.

2.10 Lesplanne kan gedifferensieerde leer-, onderrig- en assesseringsaktiwiteite bied om te verseker dat onderrig en leer effektief is in 'n klas met leerders met verskillende vaardigheidsvlakke.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Toetse en eksamens	A	skryfstuk wat 'n saak in 'n logiese volgorde aanspreek
3.2	Vasvra	B	beskrywing van 'n gebeurtenis wat gebruik word om die leerder se vermoë te toets om teoretiese beginsels op werklike situasies toe te pas
3.3	Demonstrasie	C	assesseringstaak wat werklike omstandighede of kontekste op 'n veilige manier dupliseer en leerders in staat stel om hul teoretiese kennis toe te pas
3.4	Navorsingsprojek	D	word gebruik om kennis te herroep en kognitiewe vaardighede soos probleemoplossing en analise te assesseer
3.5	Onderhoud	E	kennistoets tussen individue of spanne as 'n vorm van vermaak
3.6	Opstel	F	uitgebreide werkstuk wat ondersoekgebaseerde aktiwiteite behels
3.7	Gevallestudie	G	praktiese uiteensetting van hoe iets werk
3.8	Rolspel	H	grafiese voorstelling van die leerder se kennis oor 'n onderwerp
3.9	Breinkaart	I	leerders moet 'n bepaalde rol in 'n spesifieke situasie vertolk
3.10	Simulasie	J	bekom mondelinge inligting direk vanaf die leerder
		K	visuele voorstelling van 'n onderwerp of die uitkomste van leeraktiwiteite

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord of term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

analitiese; selfgeldende; verdedig; holistiese; terugvoer; meriete; portuur; aanval; praktiese; siklies; blog

4.1 ... redeneringsvrae is ontwerp om jou vermoë om groepe feite in ag te neem te beoordeel.

4.2 'n Onderwyser gebruik 'n ... benadering as hulle leerders se verstandelike, fisieke en emosionele gesondheid in ag neem.

4.3 'n ... benadering is gebaseer op die filosofie dat 'n onderwyser die pad vorentoe ken en dat leerders sterk, besliste leiding nodig het.

4.4 ... van leerders dui die leerders se mening en persepsies aan en kan 'n waardevolle perspektief tot onderrig en leer toevoeg.

4.5 Evaluering en analise is 'n stelselmatige vasstelling van die onderwerp/vak se ...

4.6 As leerbemiddelaar moet 'n onderwyser die keuse van leermiddele kan ... en weet waarom ander moontlikhede verwerp is.

4.7 Om in 'n klaskamer te kan onderrig gee, is 'n ... vermoë.

4.8 Onderrig en assessering is 'n ... proses en vind gereeld plaas.

4.9 Onderwysers kan van mekaar leer deur in pare of ...groepe te besin.

4.10 'n ... is 'n soort webwerf waarop 'n skrywer oor verskillende onderwerpe besin, menings deel en onderwerpe bespreek.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 5

5.1 Gee 'n duidelike uiteensetting van doeltreffende bestuur van die fisiese omgewing met verwysing na die volgende:

5.1.1 Sigbaarheid

5.1.2 Toeganklikheid

5.1.3 Buigsaamheid

5.1.4 Gerief

5.1.5 Ventilasie

(5 × 2) (10)

5.2 Verduidelik die verskil tussen die volgende begrippe deur te verwys na die toepassing daarvan om dissipline in die klaskamer te handhaaf:

5.2.1 Proaktief

5.2.2 Voorkomend

5.2.3 Reaktief

(3 + 3) (9)

5.3 Noem VYF basiese waardes in die Grondwet van Suid-Afrika. (5 × 1) (5)

5.4 Noem SES benaderings tot klaskamerbestuur. (6 × 1) (6)

5.5 Noem VYF soorte vrae wat in elke goed gebalanseerde vraestel behoort voor te kom. (5 × 1) (5)

[35]

TOTAAL AFDELING A: 75

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 Bespreek die hoofkenmerke van die *taal-in-onderwysbeleid*. (5 × 2) (10)

6.2 Verduidelik in DRIE kort paragrawe hoekom assessering belangrik is. (3 × 3) (9)

6.3 Verduidelik die volgende UGO-terme ('OBE terms'):

6.3.1 Bewyse ('evidence')

6.3.2 Eties

6.3.3 Kurrikulum

(3 × 2) (6)
[25]

VRAAG 7

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Mnr. Moloi is 'n moderator by Laerskool Bambi. Die assesserings wat hy gemodereer het, is nie op die vereiste moeilikheidsgraad nie. Alle leerders slaag met lof. Baie assesserings is nie behoorlik beplan nie en bevat irrelevante vrae.

7.1 Bespreek DRIE hoofredes waarom assesserings gemodereer moet word. (3 × 2) (6)

7.2 Noem die VYF beginsels van moderering wat mnr. Moloi as moderator moet toepas. (5 × 1) (5)

7.3 Verduidelik die implikasies van moderering vir leerders. (5 × 2) (10)

7.4 Motiveer waarom dit belangrik is om vir leerders terugvoer te gee. (2 × 2) (4)
[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 8

8.1 Nadat jy 'n les aangebied het, moet jy daaroor nadink (reflekteer).

Identifiseer VYF vrae wat jy jouself sal afvra tydens refleksie. (5 × 2) (10)

8.2 Leerderdissipline is 'n groot bron van kommer vir onderwysers.

Verduidelik in jou eie woorde SES belangrike stappe waarvolgens dissipline-probleme hanteer kan word. (6 × 2) (12)

8.3 Noem die onderrigbenadering wat jy in jou klaskamer sal gebruik en bespreek die redes vir jou antwoord. (1 + 2) (3)

[25]

VRAAG 9

9.1 Gee jou mening oor die doeltreffendheid van reflektiewe onderrig. (2 × 1) (2)

9.2 Verduidelik hoe jy leermateriaal en die klaskamer sal aanpas om die volgende leerders te akkommodeer:

9.2.1 'n Leerder met gehoorprobleme

9.2.2 'n Begaafde leerder

9.2.3 'n Leerder wat sukkel om taal te verstaan

9.2.4 'n Leerder met epilepsie

(4 × 2) (8)

9.3 Bespreek die elemente wat die klimaat in 'n klaskamer beïnvloed. (2 × 2) (4)

9.4 Noem DRIE verskillende hulpbronne wat jou met jou onderrigtaak kan help en beskryf die redes vir jou antwoord kortliks. (3 × 2) (6)

9.5 'n Assesseringstrategie is die onderwyser se plan van aksie vir assessering.

Noem VYF elemente wat deel is van 'n assesseringstrategie. (5 × 1) (5)

[25]

VRAAG 10

10.1 Watter stappe sal jy volg om te verseker dat jou lesplan in orde is? (5 × 1) (5)

10.2 Beskryf DRIE aspekte van hulpbronbestuur wat die bestaan van onderwys-hulpbronne regverdig. (3 × 2) (6)

10.3 10.3.1 Bespreek TWEE gevolge en/of implikasies van interne moderering vir onderwysers.

10.3.2 Bespreek TWEE gevolge en/of implikasies van eksterne moderering vir onderwysers.

(2 × 4) (8)

10.4 Johnny is 'n intelligente graad 2-leerder. Hy het 66% vir sy Engelse toets behaal en kan baie beter vaar.

Gee vir Johnny konstruktiewe terugvoer oor sy toetsuitslae. (3 × 2) (6)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 125
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou